
**SON**

16 OKTOBER 2012,Bl.5

# ONGELUKKE EIS VERSKEIE



KENNY AFRICA Foto: WILLIAM McINTOSH

## Sterftes wél minder

MAAHIR PRETORIUS
maahir.pretorius@son.co.za

**ONDANKS die onlangse spike in padsterftes is Wes-Kaapse spietkops steeds oorgehaal om die paaie veilig te kry voordat Kersfees aanbreek.**

Twee mense is gisteroggend tussen Laingsburg en Prins Albert dood nadat 'n taxi teen 'n aankomende voertuig gebots het.

Sondagaand is vier mense dood en vyf beseer toe drie karre naby die Macassar-afrit op die N2 verongeluk het.

Die lyke het op die toneel gesaai gelê.

Twee van die karre was om bome gevou, terwyl 'n derde wrak 'n entjie daarvandaan op sy dak gelê het.



**GEVOU:** Die wrakke was om die bome gevou.

Die oorsaak van die ongeluk is steeds onbekend.

Gister se taxi-ongeluk was die eerste noodlottige geval op dié "Stretch of Death" tussen Laingsburg en Beaufort-Wes sedert Desember verlede jaar, bevestig die Wes-Kaapse verkeershoof, Kenny Africa.

Vanaf 22 Desember 2011 werk die traffic cops deurnag om veral die taxi's op die stretch te monitor.

Tot Maandag was daar nog geen ander taxi-verwante ongelukke op dié pad nie.

Drywers wat moeg voorkom, se motorsleutels word afgevat.

Hulle is dan genoodsaak om te rus voordat hulle verder ry.

Die spietkops werk naweke deurnag om spoedvrate te stuit.

Motoriste wat die snelheid van 120 km oorskry, word toegesluit tot en met die hofverskyning.

Die spietkops het Maandag afgeskop met die eerste fase van padveiligheid oor die festive season.



**GESTERF:** Vier mense is dood in die ongeluk naby Macassar. Foto's: LEON KNIPE

Dié beginfase mik daarop om alle onpadwaardige voertuie en dronkdrywers van die paaie af te kry, beklemtoon Africa.

Hy sê die provinsie is goed op dreef met sy mikpunt om padsterftes teen einde 2014 met 50% te sny. Sowat 29% is reeds behaal.

Desondanks, is 'n terugslag beleef van 18 sterftes, oftewel 20% in vergelyking met die vorige jaar.

In September 2011 het 83 padsterftes plaasgevind, die laagste syfer sedert Januarie 2008.

September 2012 het geëindig met 100 mense in padongelukke dood.

Die meeste hiervan was voetgangers, bevestig Siphesihle Dube, woordvoerder van die provinsiale minister van vervoer, Robin Carlisle.

Heritage-dag het verlede jaar op 'n Saterdag geval.

Hierdie jaar het 10 slagoffers op dié vakansiedag gesterf, bevestig Dube.

Carlisle verseker ondanks dié terugslag, en deur die Safely Home-veldtog, is die provinsie steeds op koers om die padsterftesyfer in die provinsie met 50% te probeer verminder teen einde 2014.

32369 SÊ ONS!